

KRITERIA VIR SKOOLGEREEDHEID

1. FISIEKE KRITERIA	<ul style="list-style-type: none">• 'n Ferm spierkoördinasie soos gedemonstreer in die vashou en hantering van 'n potlood en die knip met 'n skêr.• Die nodige stamina om sekere fisieke take te verrig en aan die eise wat 'n lang skooldag stel, te voldoen.• 'n Voldoende gesondheidstoestand.• Normale sensoriese en liggaamlike funksionering.• Die koördinasie om met relatiewe gemak 'n bal te skop en te gooi en vang, asook om op een been te spring.• Die kind kan met gemak hardloop en minstens vyf sekondes lank op een been balanseer.• Op 'n reguit lyn loop.• Galop, huppel en bolmakiesie slaan.• Weet wat links en regs is.• Bewegings vloeiend uitvoer.• Oor voldoende toiletbeheer beskik.• Nie meer die voorkoms van 'n baba hê nie, dit wil sê 'n groot hoof in verhouding tot die liggaam, groot ronde voorkop, groot romp in verhouding tot die ledemate en 'n geronde buik. (Vergelyk Van den Aardweg & Van den Aardweg, 1999:211; De Witt & Booyesen, 1994:168 ; Derbyshire, 1994:195.)
2. KOGNITIEWE KRITERIA	<ul style="list-style-type: none">• Die kind kan reeds in 'n beperkte mate insigtelik tel, byvoorbeeld lekkers tel.• Die kind kan een-tot-een afparing doen, byvoorbeeld tydens uitdeelsituasies.• Hy kan sekere vorms herken en natrek.• Hy kan eenvoudige optelling en aftrekking van getalle doen.• Hy kan sekere reëlmatighede of reëls insien.• Hy kan tussen voorgrond en agtergrond onderskei.• Die kind kan skat, beplan en oordeel (De Witt & Booyesen, 1994:168).

3. EMOSIONELE KRITERIA	<ul style="list-style-type: none"> • Hy kan die aandag van die opvoeder met 'n hele groep kinders deel. • Hy is nie in so 'n mate afhanklik van die moeder dat hy nie van haar kan skei nie. • Hy verkies om saam met ander in plaas van alleen te speel. • Hy tree met selfvertroue op en het 'n gevoel van eiewaarde. • Hy neem self relatief eenvoudige besluite. • Hy kan binne perke beheer oor die uitlewing van sy emosies uitoefen. • Hy waag om sy wêreld te verken. • Hy vra gereeld vrae en hy verwag antwoorde op sy vrae. • Hy is nie oordrewe angstig nie. • Hy is bereid om op sy eie na plekke toe te gaan (Vergelyk Derbyshire, 1994:196; De Witt & Booyesen, 1994:167.)
4. SOSIALE KRITERIA	<ul style="list-style-type: none"> • Die kind is bereid om met ander kinders te meng en relasies te vorm. • Die kind is minder met homself gemoeid en meer op ander ingestel. • Die kind kan met ander deel. • Daar is 'n geleidelike konformering en idenitfisering met die groep waarneembaar. • Die kind verkies samespel en hy plaas 'n hoë prioriteit op maats. • Hy begin homself losmaak van sy ouers (De Witt & Booyesen, 1994:167).
5. MORELE KRITERIA	<ul style="list-style-type: none"> • Die kind onderwerp homself aan gesag. • Hy ken en gebruik begrippe soos asseblief, dankie en ekskuus. • Hy skakel maklik by roetinetje soos etes en die gebruik van toiletgeriewe in. • Hy eet selfstandig en netjies. • Hy respekteer ander se regte. • Hy kom eenvoudige reëls en regulasies na (De Witt & Booyesen, 1994:168).

DEKBRIEF EN VRAELYS

DEKBRIEF

Geagte Respondent

NAVORSING: M. DIAC. SPELTERAPIE

As deel van my nagraadse studies in Speltherapie moet 'n skripsie van beperkte omvang ingehandig word. Hierdie studie fokus op die Graad R kind wat skoolangs ervaar. Ek wil deur middel van die studie riglyne daarstel vir die hantering van die kind wat skoolangs ervaar. Die invloed van skoolangs op die kind se skoolgereedheid sal ook aandag geniet.

Hiermee doen ek 'n vriendelike beroep op u as Graad R opvoeder om asseblief die aangehegte vraelys te voltooi. U kundigheid ten opsigte van die Graad R kind word hoog geag in dié verband. Ek sal die vraelys kom afhaal by u betrokke instansie.

Baie dankie vir u deelname aan die navorsingstudie. Ek sal deurgaans u belange op die hart dra en die ingesamelde inligting sal vertroulik hanteer word.

Byvoorbaat dank.

Marita Louw

Kontaknommer: 082 788 6447

VRAELYS

AFDELING A

1. Beroep	
2. Kwalifikasies	
3. Jare ondervinding	
4. Datum	

AFDELING B

1. DIE GRAAD R KIND

1.1 Het u al in aanraking gekom met 'n *Graad R kind* wat skoolangs ervaar?

1.2 Watter *simptome* ten opsigte van skoolangs het die Graad R kind getoon?

1.3 Watter aspekte van die kind se *ontwikkeling* is deur sy ervaring van skoolangs geraak?

1.4 Tot watter mate beïnvloed die kind se ervaring van skoolangs sy *inskakeling* by die *dagprogram*?

1.5 Beïnvloed die kind se ervaring van skoolangs sy *skolastiese vordering*?

2. SKOOLGEREEDHEID

2.1 Kan skoolangs volgens u die kind se *emosionele gereedheid* vir Graad 1 beïnvloed?

2.2 Watter *ander aspekte* van die kind se skoolgereedheid word deur skoolangs geraak?

2.3 Is u van mening dat die kind se ervaring van skoolangs in *Graad 1* sal *opklaar*?

2.4 Wat kan volgens u die kind wat skoolangs ervaar se *skoolgereedheid verbeter*?

3. SKOOLANGS

3.1 Hoe sou u *skoolangs* definieër?

3.2 Is daar volgens u verskillende *tipes* skoolangs ?

3.3 Watter tyd van die *jaar* kom skoolangs volgens u meestal voor ?

3.4 Watter dag van die *week* kom skoolangs volgens u meestal voor?

3.5 Watter tyd van die *dag* kom skoolangs volgens u meestal voor?

3.6 Wat *veroorzaak* volgens u skoolangs?

3.7 Watter *biologiese simptome* toon die kind wat skoolangs ervaar?

3.8 Watter emosionele simptome toon die kind wat skoolangs ervaar?

4. HANTERING VAN DIE KIND MET SKOOLANGS

4.1 Hoe hanteer u die *kind* wat skoolangs ervaar?

4.2 Hoe hanteer u die *ouer* van die kind wat skoolangs ervaar?

4.3 Kan die kind wat skoolangs ervaar volgens u baatvind by *verpligte skoolbywoning*?

4.4 Sou u sê u beskik oor voldoende *opleiding of vaardighede* ten opsigte van die hantering van die kind met skoolangs?

4.5 Raak u soms *angstig* wanneer u die kind wat skoolangs ervaar moet *hanteer*?

Motiveer u antwoord.

4.6 Watter *hanteringsmeganismes* gebruik u vir *uself* wanneer u met 'n kind wat skoolangs ervaar werk?

4.7 Tot watter mate kan die kind wat skoolangs ervaar volgens u baatvind by *speltherapie*?

Die navorser wil die respondent bedank vir sy of haar deelname aan die navorsingstudie. Die navorser sal deurgaans die respondent se belange op die hart dra. Die respondent se identiteit, asook die ingesamelde inligting, sal vertroulik hanteer word.

VRAELYS: RESULTATE

Die navorser het die respondente numeries genommer vanaf 1 tot 31 om die verwerking van die resultate te orden. Hier volg 'n opsomming van Afdeling A se resultate.

AFDELING A

RE-SPONDENT	1.BEROEP	2.KWALIFIKASIES	3.JARE ONDERVINDING	4.DATUM
1	Graad R onderwyseres	Onderwys Diploma	12 jaar	12/10/2004
2	Graad R onderwyseres	T HOD	19 jaar	13/10/2004
3	Graad R onderwyseres	B. PRIM. Ed	1 jaar	7/10/2004
4	Graad R onderwyseres	HOD (Preprimêr)	17 jaar	11/10/2004
5	Graad R onderwyseres	HOD	44 jaar	8/10/2004
6	Graad R onderwyseres	Educare Nasionale Diploma	5 jaar	8/10/2004
7	Graad R onderwyseres	HOD BA	17 jaar	8/10/2004
8	Graad R onderwyseres	Educare Nasionale Diploma	2 jaar	8/10/2004
9	Graad R onderwyseres	Diploma	7 jaar	13/10/2004
10	Graad R onderwyseres	Geen formele opleiding	1 jaar	12/10/2004
11	Graad R onderwyseres	B PRIM Ed Diploma Remidiëring	11 jaar	12/10/2004
12	Graad R onderwyseres	B PRIM Ed	5 jaar	12/10/2004
13	Graad R onderwyseres	THOD BA BEd	25 jaar	5/10/2004
14	Graad R onderwyseres	HOD diploma	3 jaar	6/10/2004
15	Graad R onderwyseres	B PRIM Ed	7 jaar	7/10/2004
16	Graad R onderwyseres	TOD Jnr Primêr	16 jaar	8/10/2004

17	Graad R onderwyseres	THOD	9 jaar	8/10/2004
18	Graad R onderwyseres	HOD	14 jaar	12/10/2004
19	Graad R onderwyseres	TOD	30 jaar	9/10/2004
20	Graad R onderwyseres	Diploma	2 jaar	13/10/2004
21	Graad R onderwyseres	THOD	27 jaar	19/10/2004
22	Arbeidsterapeut	B. Arbeidsterapie	10 jaar	14/10/2004
23	Opvoedkundige Sielkundige	M (Ed.) Psig.	7 jaar	18/10/2004
24	Opvoedkundige Sielkundige	M. ed. Psig.	8 jaar	18/10/2004
25	Speltherapeut (Maatskaplike Werker)	MA (Soc Sc)	23 jaar	18/10/2004
26	Speltherapeut (Maatskaplike Werker)	M.A. (Speltherapie)(MW)	10 jaar	2/11/2004
27	Graad R onderwyseres	B.A. HOD	15 jaar	12/10/2004
28	Graad R onderwyseres	H.O.D	11 jaar	12/10/2004
29	Graad R onderwyseres	B.BIBL (Ed)	11 jaar	11/10/2004

AFDELING B

1. DIE GRAAD R KIND

1.1 Het u al in aanraking gekom met 'n *Graad R kind* wat skoolangs ervaar?

Respondente 1 tot 26 het **Ja** geantwoord op hierdie vraag. Respondente 27 tot 31 het egter **Nee** geantwoord. Die navorser het op grond van Respondente 27 tot 31 se gebrek aan vorige ervaring met die Graad R kind wat skoolangs ervaar nie hulle terugvoer ingesluit by die verwerking van die resultate van die vraelyste nie.

1.2 Watter *simptome* ten opsigte van skoolangs het die Graad R kind getoon?

- 1 Die leerder is angstig wanneer hy die skoolterrein betree en wil glad nie afskeid neem van sy ouers nie.
- 2 Huilerig, klou aan ma, manipuleer die ma, hardloop weg.
- 3 Huilerigheid, skreeu, aggressie.
- 4 Huilerigheid, veral wanneer in die oggend afskeid neem van die mamma; onsekerheid wanneer take of werk gedoen moet word.
- 5 Het geweier om skool toe te kom; het geskreeu, geskop en geslaan; aan ma vasgeklou.
- 6 Gehuil, geskreeu, wegloop, klou vas aan moeder.
- 7 Gehuil, geskreeu, wou wegloop, onderwyseres mag nie aan hom raak nie.
- 8 Gehuil, geskreeu, vasklou aan moeder.
- 9 Huilerig - onseker van homself, bang vir sy volgende deelname in groepsverband.
- 10 Huilerig, onsekerheid, angsitgheid, kyk gedurig by die venster uit om te sien of iemand hom kom haal, vra gedurig hoe laat dit is.
- 11 Huilerig, wil nie mamma groet soggens, maklik ontsenu in klas, soek deurgaans goedkeuring.
- 12 Neem moeilik afskeid van ouer, kla by ouer oor naarheid, maar is nie regtig naar, stadig om opdragte te voltooi - soms onseker.
- 13 Wil nie bly by die skool wanneer die ouers nie vertrek nie.
- 14 Huilerig, klou aan die ouer vas, wil haar nie laat gaan nie, rusteloos of senuweeagtig, afsondering of verlies aan energie.
- 15 Emosioneel – huilerig; onsosiaal – skaam; weerstand - wil nie skool toe kom nie.
- 16 Onsekerheid, skugter en skaam, huilerig en emosioneel, onttrek van aktiwiteite.
- 17 Die kind wil nie die ouer laat gaan nie; kind is stil en wil aanvanklik nie met die maatjies speel nie; sit alleen en speel 'n speletjie (neem eers 'n rukkies voor sy met maatjies meng).
- 18 Onbeheersd geskreeu wanneer ma wou loop.

- 19 Wou nie skool toe kom, angs kom voor as daar enige verandering in roetine is of as onderwyseres afwesig is.
- 20 Huilerig en onseker, wou nie ma los nie, wou nie opdragte uitvoer nie, altyd maag of hoofpyn ontwikkel, sosialiseer nie maklik nie.
- 21 Sodra ouers saam in die klas kom, begin die kind huil; so 'n kind vra ma of pa om saam te stap; as hulle afskeid neem, klou die kind aan ouers en skree; ander baie erge geval wil die kind nie eers uit die motor klim of in die klas ingaan nie.
- 22 Raak maklik emosioneel - huilerig, skei moeilik van die ouer - klou vas aan ma, sal soms baba-agtig praat, oorsensitief, slaap nie alleen.
- 23 Skoolweiering, angstigheid, huilerigheid.
- 24 Huil, vasklou aan ma, weier om by skool te bly, skree, skop, slaan.
- 25 Huilerig in oggend voor skool, histerie om alleen gelaat te word by skool, vrees om van ouer geskei te word, fisiese klouerigheid, rustig en ontspanne in middag tuis.
- 26 Psigosomatiese simptome, uitreagerende gedrag, aggresseie, huilerigheid, slaapversteurings.

1.3 Watter aspekte van die kind se *ontwikkeling* is deur sy ervaring van skoolangs geraak?

- 1 Soms onttrek die leerder hom van aktiwiteite wat in die klas aangebied word – hy is stil en alleen.
- 2 Alles: emosioneel, sosiaal, skolasties.
- 3 Taalontwikkeling; gevoelsmatige of emosionele ontwikkeling.
- 4 Sosiale aspek (Sosialisering): wil nie altyd met maats speel nie; waagmoed: wil nie deelneem aan alles nie, sommig kinders wil dikwels kamer verlaat (badkamer) wanneer hulle aktiwiteite wil ontduik waarvoor hulle nie kans sien nie.
- 5 Sosialisering: kan nie met maats klaar kom nie; wou nie na sy juffrou luister nie; het net gedoen wat hy wil.
- 6 Kan nie met maats sosialiseer nie; wou nie na sy juffrou luister nie; sy eie wil gevolg wat lei tot werk wat agter raak en chaos in klas.
- 7 Sosialisering, kommunikasie, skolastiese prestasie, groot en fynmotories geen deelname.
- 8 Kan nie met maats sosialiseer nie, wou nie na sy juffrou luister nie; alles gedoen wat hy wou doen.
- 9 Hy het geen waagmoed - veral grootmotories; onseker oor opdragte – altyd laaste klaar in groep; prente en opdragte vaal – gebruik nie graag kleur nie.

- 10 Emosionele ontwikkeling – wil nie van ouers, familie skei nie; sukkel om onafhanklik te funksioneer; maak nie maklik nuwe maats nie, aandagspan en konsentrasie.
- 11 Kan nie spontaan aktiwiteite geniet nie; huiwerig om werkies te begin – dikwels onvoltooide werk.
- 12 Herhaal Graad R, sosiale ontwikkeling is nie op standaard nie – voer wel gesprek met onderwyseres, is onseker in onbekende situasies.
- 13 Veral die emosionele - wil nie waag nie, wil nie weg van die onderwyseres nie, onseker, vra kort-kort na die ma.
- 14 Koördinasie probleme; sosiale vaardighede is beperk.
- 15 Emosioneel - selfvertroue en deelname; geborgenheid; sosiale ontwikkeling.
- 16 Sy selfbeeld en selfvertroue ontwikkel nie; hy bly onseker; selfstandigheid; interaksie met maats, leer nie om te sosialiseer nie.
- 17 Haar sosiale ontwikkeling is nie wat dit moet wees nie; sy neem nie deel aan klasgesprekke nie.
- 18 Sodra sy gekalmeer het na haar ma se vertrek, het sy normaal ingeskakel by die dagprogram.
- 19 Meestal die emosionele gereedheid, en as gevolg van die angs vind die kind dit moeilik om in alle aspekte te ontwikkel.
- 20 Die kind se grootmotoriese ontwikkeling het veral gelei daaronder; het baie aanmoediging nodig om enige take aan te pak.
- 21 Sosiale ontwikkeling - maak nie maklik maats nie – bly by juffrou al nooi maats hom saam; emosioneel - huil vir die geringste ongelukkigheid en selfs as hy aandag kry; skolasties - neem aanvanklik (eerste dag) aan geen aktiwiteite deel nie.
- 22 Sosialisering - veral in groepe; selfvertroue; groot motoriek.
- 23 Sosiale interaksie; emosionele volwasseheid; basiese skolastiese vaardighede.
- 24 Sosiale; taal; emosionele en fisiese ontwikkeling.
- 25 Emos afhanklikheid; selfvertroue; vertroue in volwassenes; selfstandigheid.
- 26 Losmaking van versorger; onafhanklike funksionering; sukses is belangrik – as hy faal word sy selfbeel negatief beïnvloed; minderwaardigheid word aangekweek,; stres maak dat inligting nie ingeneem word nie of dat vaardighede nie aangeleer word nie.

1.4 Tot watter mate beïnvloed die kind se ervaring van skoolangs sy *inskakeling* by die *dagprogram*?

- 1 Sy konsentrasie is beslis nie wat dit moet wees nie.
- 2 Beïnvloed dit negatief: altyd bang, onseker, gespanne.

- 3 Baie, kind is te skaam om te waag, wil sy eie ding doen.
- 4 Groot mate. Sulke kinders is minder spontaan en hou hulle baie eenkant; kan agterstand ontwikkel omdat hulle nie wil deelneem nie.
- 5 Kom altyd laat en wou nie in 'n groepie werk nie; baie traag gewees om te werk.
- 6 Nie instaat om in 'n groep te funksioneer nie en verloor van die werk omdat hy nie inskakel by dagprogram nie.
- 7 Hy word nie deel van die dagprogram nie.
- 8 Permanent laat; kan nie in 'n groep werk nie, want hy wil sy eie ding doen.
- 9 Sukkel om in te skakel; maats skuif hom uit.
- 10 Kan nie konsentreer op die aktiwiteit wat aangebied word nie; gedagtes gedurig besig met sy vrese.
- 11 Skakel nie spontaan in nie - wil deurentyd weet hoe laat dit is, wat hy moet doen.
- 12 Skakel goed in by dagprogram nadat mamma weg is.
- 13 Tot 'n groot mate – die kinders fokus net op hulleself en hulle emosionele onsekerheid en vind dit moeilik om in enigiets geïnteresseerd te raak.
- 14 Gebrek aan deelname; word deur ander klasmaats verstoot.
- 15 Tot 'n baie groot mate; neem nie graag deel aan dagprogram nie.
- 16 Hy onttrek van deelname; fokus nie op die noodsaaklike nie.
- 17 Sy is baie huiwerig om aan sekere aktiwiteite deel te neem; sy begin huil as sy iets nie wil doen nie.
- 18 Kyk 1.3
- 19 Kom soms laat; kom ongereeld en raak daarom nooit gewoond aan die program.
- 20 Dit neem die kind baie langer om in te skakel en 'verloor' hy dus 'n deel daarvan.
- 21 Afhangend van die graad van angs; sommige skakel moeilik in en ander vergeet gou en geniet die dag.
- 22 Gewoonlik is dit nie 'n groot probleem nie, aangesien so 'n kind se probleem by die 'skeiding' lê; hulle kan geredelik aanpas by die klassituasie.
- 23 Sy het glad nie ingeskakel nie, want sy was vir vol weke nooit by die skool nie; skoolangs het gelei tot skoolweiering.
- 24 Tot 'n groot mate – hulle hou hul gewoonlik eenkant, is alleen en wil nie deelneem nie.
- 25 Wanneer hierdie angs nie hanteer word nie en sy funksionering oorheers kan hy op niks anders konsentreer nie.
- 26 Wil nie waag nie; leer nie; sosialiserings probleme.

1.5 Beïnvloed die kind se ervaring van skoolangs sy *skolastiese vordering*?

- 1 Ek glo dat dit sy vordering strem indien die probleem nie opgelos word nie.
- 2 Soms: wil meestal versekering hê dat wat hy doen reg is.
- 3 Verseker, sulke kinders het gewoonlik 'n baie lae selfbeeld.
- 4 Ja, dit kan omdat hulle minder inneem of vir hulleself afsluit of 'n blokkasie vorm teenoor seker dinge of aktiwiteite wat hulle dalk bang of angstig maak.
- 5 Ja, hy werk nie na wense nie omdat altyd bang is.
- 6 Ja.
- 7 Ja.
- 8 Ja, hy werk nie na wense nie.
- 9 Dit het wel 'n invloed - presteer nie volgens sy vermoë nie.
- 10 Ja, geen selfvertroue.
- 11 Werk onvoltooid; waaghouding op buite apparaat swak.
- 12 Ja, bang om te waag!
- 13 Aanvanklik ja, totdat dit oorkom word.
- 14 Ja, die kind sukkel om te konsentreer en gevolglik word daar nie voldoende aandag aan sy werk geskenk nie.
- 15 Ja.
- 16 Beslis, hy bly onbetrokke.
- 17 In 'n mate ja, omdat sy sekere aktiwiteite nie wil doen nie raak sy agter.
- 18 In die spesifieke geval nie, maar indien 'n kleuter nie kalmeer nie sal dit beslis sy vordering strem.
- 19 Ja, aangesien hy nie gemaklik voel in sy omgewing nie.
- 20 Ja, die kind is nie baie taakgerig nie.
- 21 Aanvanklik ja, totdat kind sy omstandighede en nuwe omgewing aanvaar het.
- 22 Ja, in 'n mate wel, aangesien so 'n kind se selfvertroue nie altyd goed is nie en daardie waaghouding ontbreek dus dikwels; om skolasies te presteer moet daar 'n balans wees tussen kognitiewe, motoriese en emosionele ontwikkeling.
- 23 Ja, voorskoolse vaardighede was nie vasgelê nie, ten spyte van hoë intelligensie.
- 24 Ja – juffrou weet gewoonlik nie wat die kind leer of weet nie – te ingetrokke om te antwoord.
- 25 Beslis.
- 26 Verseker.

2. SKOOLGEREEDHEID

2.1 Kan skoolangs volgens u die kind se *emosionele gereedheid* vir Graad 1 beïnvloed?

- 1 Beslis.
- 2 Ja, beslis!
- 3 Ja, die kind met emos probleme ervaar dat hy nie werklik sy lewe geniet en die sin daarvan insien nie; die kind ervaar dan ook ag hiervan leerprobleme, verhoudingsprobleme, gedragsprobleme, depressie, angstigheid, fisieke probleme en onvermoë om skool of persoonlike probleme te hanteer.
- 4 Definitief. So 'n kind het gewoonlik minder selfvertroue en wil nie so geredelik waag in nuwe situasies as kinders wat gouer aangepas en ingeskakel het nie.
- 5 Ja.
- 6 Ja.
- 7 Definitief.
- 8 Ja.
- 9 Ja, emosioneel gaan hy sukkel om aan te pas, om gesag van onderwyseres te aanvaar (ervaar dit as kritiek).
- 10 Hierdie spesifieke kind ervaar geen angstigheid meer nie en tree met selfvertroue op; gereed vir Graad 1.
- 11 Ja, die spesifieke kind is 'n enigste kind. Kanker op been gediagnoseer ongeveer 3 jaar terug; bestraal; nou "skoon"; ma ook 'n angstige mens; dit gaan egter nou baie beter met hom.
- 12 Ja.
- 13 Ja – Definitief!
- 14 Ja, die kind is emosioneel onvolwasse; hy beleef spanning of senuweeagtigheid; is baie teruggetrokke en ingekeer.
- 15 Ja.
- 16 Ja.
- 17 Ja, sy sal baie onseker wees en heel moontlik ook sukkel om maatjies te maak; sal moontlik ook maklik huil as sy in sekere situasies beland.
- 18 Ja.
- 19 Ja soos reeds genoem in een.
- 20 Ja, die kind wat skoolangs het sukkel gewoonlik om aan te pas; die kind het ook 'n baie lae selfbeeld.
- 21 Ja, as so 'n kind nie Graad R bygewoon het nie.
- 22 Ja.

- 23 Beslis, die angstigtheid kan eerstens oordra na Graad 1; verder kan angs lei tot swak konsentrasie, swak deelname in die klas en algemene swak aanpassing.
- 24 Ja.
- 25 Baie beslis - huiwerig om in groepsverband te werk, voor ander op te tree, alleen liewers te gaan
- 26 Ja, sukkel om homself te handhaaf; oorreegeer; té sensitief; maklik beïnvloedbaar.

2.2 Watter ander aspekte van die kind se skoolgereedheid word deur skoolangs geraak?

- 1 Emosionele ontwikkeling.
- 2 Emosionele ontwikkeling.
- 3 Skoolgereedheid bestaan uit 3 dele: skoolrypheid, sosiale rypheid en emosionele rypheid.
- 4 Sosiale aspek.
- 5 Wil nie aan sport en kultuur aktiwiteite deelneem nie.
- 6 Sport en kultuur aktiwiteite.
- 7 Geen deelname aan enige skoolaktiwiteite nie.
- 8 Wil nie aan sport of kultuur aktiwiteite deelneem nie.
- 9 Hy sukkel om te sosialiseer – het nie die selfvertroue nie ; sukkel om skolasties te vorder- het nie die waagmoed nie.
- 10 Selfstandigheid.
- 11 Waaghouding, selfstandigheid, deelname aan groepaktiwiteite
- 12 Onseker om opdragte te voltooi, stadig, wil eerder nog speel, is bang vir gestruktureerde opdragte.
- 13 Selfvertroue, waagmoed, om onafhanklik te werk.
- 14 Gebrek aan wilskrag; vervreemding teenoor skoolaktiwiteite.
- 15 Emosionele geborgenheid; sosiale inskakeling; deelname aan aktiwiteite, groot motoriek as waagmoed ontbreek.
- 16 Selfstandigheid; selfvertroue en selfbeeld; as gevolg van gebrek aan deelname, bemeester hy nie die perseptuele vaardighede nie.
- 17 Sy kan ook agter raak met sekere perseptuele vaardighede omdat sy geen waagmoed het om byvoorbeeld sekere groot motoriese oefeninge uit te voer nie.
- 18 Indien die kleuter nie inskakel by die program nie, sal sy klein- en grootspiere asook sy perseptuele vaardighede nie ontwikkel nie.
- 19 Konsentrasie vermoë ; selfvertroue ; so 'n kind waag nie maklik nie.

- 20 Sosialisering; grootmotoriese ontwikkeling; skolasties sal hy ook nie gereed wees nie as gevolg van swak selfbeeld en -vertroue.
- 21 Emosioneel – slaap ook sleg; fisiese probleme – enuresis ens.
- 22 Emosionele volwassenheid of rypheid; selfvertroue; sosialisering; waaghouding; motoriese ontwikkeling; perseptuele ontwikkeling kan ook geraak word.
- 23 Indien skoolangs lei tot skoolweiering kan dit alle basiese vaardighede wat in Graad 0 vasgelê word, benadeel; taalontwikkeling, groot- en fyn motoriese ontwikkeling, wiskundige vaardighede, perseptuele vaardighede en vroeë skryfvaardighede; selfs net angstigheid kan daartoe lei dat dié vaardighede nie behoorlik ontwikkel nie.
- 24 Alle ontwikkelings aspekte.
- 25 Fisiese aanpassing; sosialisering; konsentrasie; waagmoed.
- 26 Sosiale inskakeling; aanvaarding van dissipline en struktuur; ontwikkeling van vaardighede as gevolg van die feit dat hy nie waag nie; neem nie verantwoordelikheid nie omdat hy nie keuses maak nie.

2.3 Is u van mening dat die kind se ervaring van skoolangs in *Graad 1* sal *opklaar*?

- 1 Met tyd sal dit opklaar.
- 2 Moontlik, maar dit kan beslis die eerste kwartaal aanhou.
- 3 Hang af of daar iets gedoen word aan die situasie; remediëring kan werk.
- 4 Nie noodwendig nie. So iets behoort in Gr R opgeklaar te word deur 'n baie simpatieke en empatieke onderwyseres en met samewerking van die ouers.
- 5 Dit sal bepaal word deur sy gedrag, samewerking van ouers en onderwyseres se motivering.
- 6 Sal bepaal word deur motivering, omvang van klasgrootte en samewerking van ouers.
- 7 Dit sal bepaal word deur die samewerking van ouers en onderwyseres vir motivering, gebondenheid en sekuriteit.
- 8 Nee, behalwe as die klasse nie baie groot is nie en as die ouers ook hulp verleen.
- 9 Ja – dit behoort; sal gou agterkom dat groep hom sal uitskuif.
- 10 Dit het reeds opgeklaar.
- 11 Ja, ma het ook baie leiding nodig om te kan ontspan en minder bekommerd te wees.
- 12 Moeilik om te sê aangesien hy al 'n jaar teruggehou is.
- 13 Meestal.

- 14 Dalk later in die jaar, want Graad 1 is die begin van “grootskool” waar alles weer nuut en onseker is.
- 15 Heel moontlik.
- 16 Gewoonlik ja, afhangende van omstandighede.
- 17 Dit kan indien die kind hulp ontvang.
- 18 Ja, maar met professionele hulp.
- 19 Dit is moeilik om te sê; dit hang af van kind tot kind en sy persoonlike omstandighede.
- 20 Ja, hang van kind tot kind af.
- 21 Ja, as ouers en onderwyseres dit reg hanteer ; onderskeid moet getref word waar die kind die ouer manipuleer (omkoop) en waar daar werklik skedingsangs is.
- 22 Indien so ‘n kind hulp ontvang soos byvoorbeeld speltherapie of met ander aspekte wat moontlik aandag nodig het, is die kans goed dat dit sal opklaar; sonder ondersteuning nee.
- 23 Elke kind is individueel; dit sal afhang wat die onderliggende rede is en of die rede aangespreek is.
- 24 Nie noodwendig nie. Hang af van hantering; emosioneel groei.
- 25 Nie sonder hantering nie; kind mag dit ‘versterk’ omdat niemand dit wil raaksien dat hy nood ervaar nie en in ander gedragsprobleme minfisteer.
- 26 Nie noodwendig nie – angs kan weer in ‘n volgende ontwikkelingsfase of ‘n krisis na vore kom.

2.4 Wat kan volgens u die kind wat skoolangs ervaar se *skoolgereedheid* verbeter?

- 1 Samewerking van ouers met personeel.
- 2 Samewerking van ouers; om nie geïsoleerd te wees nie.
- 3 Hulp, daar is ‘n sekere paar vereistes waaraan ‘n kind moet voldoen voordat hy skool toe gaan.
- 4 As ‘n mens die kind so gou as moontlik ingeskakel kan kry by al die katiwiteite wat gebied word. Dit kan dalk help om vir so ‘n kind so gou as moontlik aan ‘n oulike maatjie voor te stel met wie hy lekker kan speel. So ‘n kind mopet belangrik en deel voel; daarom help dit om so ‘n kind baie te prys.
- 5 Ouers moet die kind help om saam met sy onderwyser te werk.
- 6 Samewerking van ouers en onderwyser ten opsigte van die hantering van die situasie.
- 7 Betrokkenheid van ouers en onderwyser om die kind geborge te laat voel.

- 8 Ouers moet saam met die onderwyser werk anders sal dit nie werk nie.
- 9 Om eerstens sy selfvertroue op te bou en dan ook speltherapie.
- 10 Nie van toepassing.
- 11 Therapie vir ma en seun en pa (alkaholis)
- 12 Speltherapie om vas te stel heekom hy skoolangs ervaar en dan daarop te verbeter.
- 13 Ek is van mening dat 'n kind skoolgereed kan wees, maar emosioneel nie die druk sal kan behartig of selfstandig kan funksioneer nie; "skoolangs" lê op die emosionele vlak.
- 14 -
- 15 Ouerleiding.
- 16 Spesiale aandag; taktvolle benadering en ook samewerking van die ouers.
- 17 Die kind kan moontlik terapie ontvang sodat sy leer om die angs te verwerk, asook arbeidsterapie om te help met skoolgereedheid.
- 18 Hulp van buite.
- 19 Die rede vir sy angs moet geïdentifiseer word en deur 'n professionele persoon behandel word.
- 20 Speltherapie sal 'n groot rol speel; die kind sal leer om die probleem te oorkom.
- 21 Ouers: Bring of haal kind betyds en dieselfde tyd, tree ferm op, verseker die kind van liefde maar kind moet skool toe gaan; moenie 'n keuse gee nie; moenie omkoop nie.
- 22 Emosionele ondersteuning byvoorbeeld die inskakeling in 'n sosio-emosionele groep vir kinders van min om meer dieselfde ouderdom; speltherapie; arbeidsterapie – om aspekte van die tassistem, motoriese ontwikkeling aan te spreek.
- 23 Die onderliggende redes moet aangespreek word, sodat die angstigtheid kan verminder; terapie word heel moontlik in so 'n geval aangedui.
- 24 Emosionele versterking; speltherapie; gesinsterapie.
- 25 Die nodige begrip deur ouers en personeel; aanmoediging en beloning vir positiewe gedrag; kind moet boodskap kry dat hy wel in staat is om aan verwagtinge te voldoen.
- 26 Struktuur wat veiligheid gee; herstrukturering of refrasering; bewusmaking van polariteite; ondersteuning met byvoorbeeld take.

3. SKOOLANGS

3.1 Hoe sou u *skoolangs* definieër?

- 1 Angs vir vreemde omgewing en vrees om van ouer te skei.
- 2 Angs om skool toe te kom en van die ma geskei te word.
- 3 Spanning, verwag altyd dat iets erg gaan gebeur, vrese vir dinge, vrees of angskom dikwels voor by ouer kinders, skoolangskan skaamheid veroorsaak, angskom met ander te praat, isolasie, spandeer baie tyd op sy eie.
- 4 Skeidingsangsvan ouers, meestal die ma. Vrees vir of onsekerheid oor die onbekende.
- 5 Het nie verdere navorsing in die verband gedoen nie, so ek kan nie verder kommentaar lewer nie.
- 6 Verdere navorsing is nie gedoen om hierdie vra wat volg te beantwoord nie.
- 7 'n Vrees van 'n leerder om aan aktiwiteite wat verband hou met skool, die leerders en onderwysers deel te neem.
- 8 Verdere navorsing is nie gedoen om hierdie vra wat volg te beantwoord nie.
- 9 'n Angs wat kind ervaar elke keer wanneer hy iets of iewer op sy eie of in groepsverband moet doen.
- 10 'n Vrees om skool toe te gaan agv verskeie redes (tuis of by skool). Skoolgaan is vir hom 'n ervaring wat negatiewe en angstige gevoelens aanwakker.
- 11 Vrees/ongeneënthed om skool toe te gaan - wil nie ma los, onseker wat op hom wag, belemmer suksesvolle en gemaklike inskakeling by roetine. Beïnvloed skolastiese vordering op negatiewe wyse.
- 12 Skoolangskan is wanneer die kleuter bang is om skool toe te kom, te waag en te eksperimenteer. Bang om afstand te doen van ouer.
- 13 'n Buitengewone angstigheid om sonder 'n ankerfiguur (moeder) 'n nuwe situasie te betree.
- 14 Dis 'n emosie wat 'n kind ervaar waar hy gespanne, bekommerd, onseker en ontuis voel in die skool.
- 15 Kind wat emosioneel raak as hy moet skool toe kom en ook weerstand bied.
- 16 Die leerder is huilerig en opstandig om skool toe te gaan en selfs as daarvan gepraat word.
- 17 Die kind is bang om skool toe te kom omdat daar iets is wat haar hinder, bv sy is bang haar ma kom iets oor terwyl sy by die skool is.
- 18 In 90% van gevalle sou ek dit as angsvir skeiding van sy ouers ervaar.
- 19 Wanneer kind onveilig voel in sy omgewing, moontlike probleme by die skool self, emosionele probleme asook moeilik afskeid neem van ouers.
- 20 Die kind vrees om skool toe te gaan. Dikwels bloot om van die ouers te skei.

- 21 'n Kind wat moeilik van ma/pa afskeid neem in 'n nuwe omgewing en omstandighede.
- 22 'n Kind se oormatige angs om weg te wees van sy ouers/ die persone aan wie hy geheg is. So 'n kind het dan dikwels probleme om te sosialiseer, goed te kommunikeer en op skoolvlak te presteer.
- 23 'n Kind vir wie dit problematies is om skool by te woon met simptome soos angstigtheid, 'tantrums', 'siek wees' sonder enige organiese oorsaak, huilerigheid. Hulle bly ook by die huis met die medewete van hulle ouers. Dit sluit 'n spektrum in van geen skoolbywoning, gedeeltes van die dag by die skool, of skoolbywoning maak dit is 'n traumatiese ervaring vir hulle.
- 24 Onvermoë om van ma te skei en alleen by die skool agter te bly.
- 25 'n Komplekse emosionele toestand gekenmerk deur akute spanning en fisiologiese reaksies ten tye van skeiding van sy ouers om skool by te woon.
- 26 Vrees wat oorheersend is / angs wat kind se funksionering aantast wat nie altyd gegrond is op realiteit nie.

3.2 Is daar volgens u verskillende *tipes* skoolangs ?

- 1 Grade van angs verskil wel.
- 2 Ek dink die grade van angs kan verskil van gemiddeld tot erg.
- 3 Ja, eensaamheid, huilerigheid, lae selfbeeld (depressie, leuens, aggressie).
- 4 Ek is nie seker nie.
- 5 -
- 6 -
- 7 Ja.
- 8 -
- 9 Nee.
- 10 Angs vir nuwe omgewing, angs/vrese vir streng o/w of dissipline, angs dat hy by skool gelos/vergeet sal word.
- 11 Bang om ma te los, bang vir streng onderwyser, bang vir nuwe roetine en omgewing.
- 12 Ja, daar is verskillende grade van skoolangs.
- 13 Ja, emosionele skeiding, om nuwe situasies aan te pak, om selfstandig te funksioneer.
- 14 Ja, bang vir maats, bang vir onderwyser, bang vir mislukking in aktiwiteite, bang dat hy nie aanvaar sal word nie.

- 15 Ja, Angs vir “groot” skool, baie maats, oop gronde. Angs vir onderwyser/s. Skeidingsangs van ouers.
- 16 Dit kan ‘n vrees wees vir die opset, of ‘n vrees vir ‘n persoon of persone. Die kind kan dalk net nie gereed wees om van ouers geskei te word nie.
- 17 -
- 18 Ja, ang s vir skeiding van ouers. Angs vir die onbekende (skool).
- 19 Skoolangs kan van ‘n tydelike aard wees. Wanneer ‘n kind eers veilig voel in sy omgewing dan verdwyn die ang s. Enige emosionele probleme kan sake egter vererger.
- 20 Ja
- 21 Ja
- 22 Daar is skeidingsangs en skoolfobie
- 23 Soos in 3.1
- Die wat vir ‘n kort tukkie sal gaan, maar dan so emosioneel raak dat hulle gehaal moet word
 - Die wat sal gaan, maar amper daardeur getraumatiseer word
 - Totale skoolweiering
- 24 Verskillende grade daarvan.
- 25 Ja, mens kan onderskei tussen vrees vir groepe mense, vrees vir skeiding van ouers en vrees vir vreemde situasies
- 26 Nee – basiese pros es bly dieselfde. Wel verskillende manifestasies / simptome.

3.3 Watter tyd van die *jaar* kom skoolangs volgens u meestal voor?

- 1 Aan die begin van elke kwartaal.
- 2 In begin van elke kwartaal of selfs deurlopend. Het soms “golf” effek.
- 3 Net na ‘n vakansie.
- 4 Meestal aan begin van ‘n nuwe jaar met aanpassing by nuwe juf en Graad.
- 5 -
- 6 -
- 7 Begin van die jaar.
- 8 -
- 9 In die begin van die jaar.
- 10 Aan die begin van die jaar – nuwe omgewing.
- 11 Begin.
- 12 Die begin van die jaar.
- 13 Begin van die jaar. Soms einde van die jaar: onsekerheid oor wat voorlê.

- 14 In die begin van die jaar, die heel eerste dag en dan die eerste dag na 'n vakansie.
- 15 Januarie tot Februarie.
- 16 Begin van die jaar, die eerste kwartaal.
- 17 -
- 18 Wanneer die kleuter vir die eerste keer na 'n nuwe skool gaan.
- 19 Gewoonlik binne die eerste drie maande van die jaar.
- 20 Begin van die jaar.
- 21 Begin van die jaar. As daar huislike probleme/trauma is. Wanneer van skool verander word. Soms na 'n vakansie.
- 22 -
- 23 Twee of drie weke nadat die skool begin het. Begin vierde kwartaal (veral Graad 0 waar meer druk dan op hulle geplaas word voor Graad 1).
- 24 Enige tyd.
- 25 Meestal aan begin van jaar, termyn of nuwe skool.
- 26 Begin van jaar; Begin van kwartaal.

3.4 Watter dag van die week kom skoolangs volgens u meestal voor?

- 1 Maandag.
- 2 Dit wissel.
- 3 Donderdag, kind emosioneel uitgeput en moeg.
- 4 Maandag na 'n naweek.
- 5 -
- 6 -
- 7 Maandag.
- 8 -
- 9 Maandae.
- 10 Maandag na naweek tuis.
- 11 Maandag.
- 12 Maandae.
- 13 Maandae.
- 14 Maandag.
- 15 Maandag.
- 16 Maandag - na die naweek!
- 17 -
- 18 Maandag.
- 19 Gewoonlik na 'n naweek of 'n periode van afwesigheid.

- 20 Maandag.
- 21 Veral Maandae.
- 22 -
- 23 Sonder 'n grondige rede vermoed ek dit sal Maandag wees.
- 24 Na vakansies en naweke – erger maar gewoonlik veralgemeen.
- 25 Maandag na naweek tuis.
- 26 Maandae en Dinsdae / direk na vakansies.

3.5 Watter tyd van die *dag* kom skoolangs volgens u meestal voor?

- 1 Vroegoggend.
- 2 In die oggend wanneer die kind afgelaai word.
- 3 Vroeg in die oggend.
- 4 Soggens wanneer hulle hul ouers moet groet.
- 5 -
- 6 -
- 7 Vroeg oggend, of as leerders verdaag. Vrees ouers kom laai hom nie weer op nie.
- 8 -
- 9 Vroeg in die oggend.
- 10 Vroeg in die oggend.
- 11 Vroegoggend.
- 12 Vroegoggend, wanneer hy van sy ma moet afskeid neem.
- 13 Vroegoggend (afskedstyd) en/of net voor huis toe gaan tyd.
- 14 Vroeg in die oggend wanneer die kind by die skool aankom.
- 15 Voorskool.
- 16 Soggens vroeg.
- 17 -
- 18 Oggend. Huis toe gaan tyd (bang om alleen by skool te bly).
- 19 Soggens, asook net voor huis toe gaan tyd, soms is die ouers effens laat en dit maak die kind angstig.
- 20 Vroeg oggend.
- 21 Soggens en wanneer dit huistoe gaan tyd is.
- 22 -
- 23 Meestal om skool toe te gaan, vroeg oggend.
- 24 Oggend.
- 25 Gewoonlik vanaf vroegoggend terwyl gereed gemaak word vir skool.

26 Voor skool toe gaan – dan het kind nog ‘n kesue om nie te gaan nie; tyd om “uit te klim”.

3.6 Wat veroorsaak volgens u skoolangs?

- 1 Onsekerheid.
- 2 Onveiligheid, onsekerheid.
- 3 Spanning; kind het dalk gedroom iets erg gaan by die skool gebeur; ouers en ouer kinders; TV.
- 4 Soms oorbeskerming vanaf die ouerhuis. Huislike omstandighede. Kan ook wees dat ‘n kind se persoonlikheid so is dat hy meer sensitief is en hom dinge meer aantrek. Mens moet ook oppas vir manipulasie vanaf die kind se kant – dan help dit as almal ferm optree en konsekwent is.
- 5 -
- 6 -
- 7 Onsekerheid; ongebondenheid; swak selfbeeld; onstabiele huislike omstandighede.
- 8 -
- 9 Ouers wat daarvan hou dat kinders van hulle moet afhanklik wees, eerder as om hulle te leer om selfstandig te wees.
- 10 Omstandighede tuis – egskeiding. Onsekerheid oor posisie in gesin - veral met nuut saamgestelde gesinne.
- 11 Lae waaghouding. Faktore tuis, bv angstige ma, selfstandigheid nie aangemoedig. Kind met sensitiewe persoonlikheid trek homself dit aan wanneer daar met ander ongehoorsame kinders geraas word.
- 12 Gespanne huislike omstandighede; ma wat kleuter oppiep en alles vir hom doen - by skool moet hy skielik alles self doen; laatlam.
- 13 Onsekerheid, oorafhanklikheid, emosioneel nog vas aan ma, swak waaghouding.
- 14 Die kind is nie voorbereid en ingelig oor wat hy kan verwag nie; onvoldoende ouerbetrokkenheid; onstabiele omgewing / huislike omstandighede.
- 15 Oorbeskermende ouers wat kinders “baba”; tekort aan selfvertroue; ouderdom (Jan of Des gebore) - jonger kinders sal dit makliker ervaar; manipulering van ouers deur kind.
- 16 Vrees vir skeiding van ouers; ouderom (nog baie jonk); gebrek aan kleuterskoolervaring of speelgroep; oorbeskermende ouers.
- 17 -
- 18 ‘n Kleuter wat nooit van ouers geskei was nie; ‘n kleuter wat met ‘n kwaai juffrou gedreig word.

- 19 Oorgehegtheid aan die ouers; gevoelens van onsekerheid; faktore by die skool mag angs veroorsaak; emosionele probleme tuis.
- 20 Die kind is bang om van sy ouers te skei; dikwels bang hulle kom hom nie weer haal nie; swak selfbeeld en selfvertroue.
- 21 'n Kind wat vir die eerste keer vna ma geskei word (oudste kind, laatlammetjie, bedorwe kind); 'n kind wat nooit in 'n speelgroep was nie – min maatjies; 'n kind wat nie gewoon is aan 'n vaste roetine nie; manipulerende kind – speel op ouers se gevoel en word dan omgekoop; 'n kind wat agter kom dat sy gedrag sy ouers omkrap gebruik dit om tuis te wil bly.
- 22 'n Vrees dat die ouer iets mag oorkom - voorheen dood ervaar van geliefdes; 'n kind wat baie sensitief is; oorbeskermende ouers.
- 23 Skeidingsangs van een of albei ouers; oorbeskermende kinders; a.g.v. ouers wat nie duidelike grense kan stel nie; trauma (dood, egskeiding); lae selfbeeld; skoolfaktore (kwaai juf, word geboelie, toilette).
- 24 Veralgemeende angs en onvermoë om van ma te skei.
- 25 Gebeure of omstandighede tuis wat veroorsaak dat die kind onveilig voel / onseker voel / vrees sy ouers gaan hom nie weer kom haal nie.
- 26 Persoonlikhede; eksterne faktore soos oorbeskermende ouers, geen struktuur, ens.

3.7 Watter *biologiese simptome* toon die kind wat skoolangs ervaar?

- 1 Nie bekend.
- 2 Vermoedelik kossoorte (tekstuur is probleem); swak slaapgewoonte.
- 3 Paniek; stres byvoorbeeld as hulle ver van die huis weg is; klou aan die ouer vas; negatiewe gedagtes oor byvoorbeeld ongelukke / siektes oor hulleself of hulle ouers kan voorkom.
- 4 Erge gevalle kan hoofpyn, naarheid, maagpyn en koors ervaar omdat hulle hulleself so opwerk.
- 5 -
- 6 -
- 7 Benoude / hartseer gesigsuitdrukking; klam hande; bewe; onseker bewegings.
- 8 -
- 9 Sukkel soms om te praat; huilerig; bewerig.
- 10 Sê dat hy/sy “siek” voel; kop of maag seer; wil dikwels toilet toe gaan; bewerigheid - angs; huil maklik.
- 11 Kla van “maagpyn of kopseer”; kom angstig voor.
- 12 Maak siektes op soos byvoorbeeld naarheid en hoofpyn; kla dat hy gou moet word.

- 13 Huil; klou aan ma; klou aan juffrou; gooi tantrum; word naar a.g.v. huil; pleit om huis toe te gaan; skop en klap.
- 14 -
- 15 Maagpyn; psigosomatiese pyn.
- 16 Skynsiektoestande, bv. hoofpyn en naarheid; glipsies; 'moeg'.
- 17 -
- 18 Huil; bewe – senuweeagtig; naargevoel; pyn op maag; sweterige hande.
- 19 Kla dikwels van hoofpyn en maagpyn; is dikwels moeg en tranerig.
- 20 -
- 21 Huil; skop; stoei; min waagmoed (fisies); baie erg – enures.
- 22 Bewerigheid.
- 23 Angs (stres, sweterigheid); geïrriteerdheid; psigosomatiese simptome (maagpyn, kopseer, ens.).
- 24 Paniek; sweet; aemhaling versnel; huil; maagpyn; kopseer.
- 25 Bewerasies; sweterige hande; vergrote pupille a.g.v. angstigheid; hartkloppings.
- 26 Maagpyn; hoofpyn; naarheid; braking; hartkloppings; duiseligheid.

3.8 Watter emosionele simptome toon die kind wat skoolangs ervaar ?

- 1 Huil, woede en manipulasie.
- 2 Huilerig; aggressie; manipulasie.
- 3 Emosionele probleme is dikwels 'n simptome van die feit dat kind se verhouding (met God, sy medemens, sy omgewing en homself) versteur is en dat die kind nie in staat is om dit self te herstel nie; trauma; roetine aktiwiteite; sublimasie; aspekte waarvoor die ouer en die kind nie beheer het nie.
- 4 Huilerig; minder waagmoed (onsekerheid); lae selfbeeld.
- 5 -
- 6 -
- 7 Huilerig; bang; vrees.
- 8 -
- 9 Huilerig (soms histeries); weier soms om te praat.
- 10 Moet dadelik aandag kry wanneer hy angstig voel; kan nie onafhanklik werk nie; sy gevoelens kry altyd die oorhand.
- 11 Huilerig, angstigheid.
- 12 Sku om te sosialiseer; bang om te waag; verbeel hom hy makeer iets – naar; kom gespanne voor.
- 13 Huil ; pleit om huis toe te gaan ; onttrek van groep.

- 14 Emosionele onvolwassenheid; senuweeagtigheid; teruggetrokke; liggeraak; oorafhanklik.
- 15 Huilerig; skaam en teruggetrokke; waagmoed ontbreek; onsekerheid.
- 16 Bang en huilerig; selfvertroue ontbreek; sê hy 'kan nie'.
- 17 Huil dikwels; wil net met sekere maatjies speel; raak maklik kwaad vir maatjies.
- 18 Min selfvertroue; swak selfbeeld; swak waaghouding.
- 19 Onseker van homself; huilerig asook humeurig; knou soms ander kinders af, weiering om iets onbekends aan te pak of ervaar.
- 20 Die kind huil, of is agressief; hy onttrek hom.
- 21 Huil – baie onseker; waag nie.
- 22 Oorsensitief; huilerig.
- 23 Angstigheid; huilerig; depressie; emosionele uitbarstings.
- 24 Angs.
- 25 Angstigheid; spanning; onbeheersde huilerigheid; intnse vrees wat nie verwoord kan word nie.
- 26 Huilerigheid; aggressie; neerslagtigheid; opstandigheid.

4. HANTERING VAN DIE KIND MET SKOOLANGS

4.1 Hoe hanteer u die *kind* wat skoolangs ervaar?

- 1 Motiveer; praat moed in.
- 2 Motiveer; praat moed in (sien 4.6).
- 3 Moet in homself glo as mens; meer selfgeldend optree; vertroue hê in sy eie menings en gevolgtrekkings; groep deelneem; vry voel om sy eie mening te lug; maklik vriende maak; nie behep wees met persoonlike probleme nie; oopheid vir ander mense; bereid wees om fisiek te waag.
- 4 Neem so gou as moontlik so 'n kind by die ouer. Indien nodig - tel kind op - sit met hom op my skoot en bly self rustig en kalm. Probeer so 'n kind in iets geïnteresseerd kry, bv. 'n legkaart of kleispiel of stel hom aan maatjies voor. Ek laat so 'n kind my met take help en prys hom dan sodat hy belangrik voel. Wanneer geleenthede hul voordoen probeer ek sulke kinders, of kinders met minder selfvertroue, in die koolig plaas om selfbeeld en selfvertroue te verbeter. Betrek hom by alles, maar moet hom nie dwing nie. Sulkes begin geleidelik self deelneem.
- 5 -
- 6 -

- 7 Laat hom geborge voel; gee liefde, aandag en vertroosting; verseker dat ouers sal kom haal.
- 8 -
- 9 Geduldig maar ferm. Dreig hom nooit; wees simpatiekvol, maar realisties. Maak geen leë beloftes. Beloon hom graag met elke stap wat hy alleen neem.
- 10 Praat met hom oor sy angsgevoel; verseker hom dat iemand hom wel sal kom haal; verduidelik dat daar lekker en interessante aktiwiteite by die skool is en dat skool iets is om na uit te sien; laat hom toe om sy boeties/sussies te sien met speelyd terwyl hy nog vreemd voel; verseker hom van ouers en onderwyser se liefde; hou hom besig.
- 11 Ma moet skool gou verlaat soggens; gee spesiale werkie, byvoorbeeld boekrak netjies maak; vra maats om met hom te speel; baie aanmoediging om self te probeer; baie liefde en drukkies; moedig aan om deel te neem aan gesprekke; prys vir deelname.
- 12 Probeer hom gerus stel dat hy veilig is; verseker hom dat sy ouers hom wel betyds sal kom haal; moedig hom aan en sê dat werk lekker is en dat hy dit sal kan doen; skep 'n rustige atmosfeer.
- 13 Liefde, deernis - maar neem beheer; gee die versekering dat jy as plaasvervanger altyd beskikbaar sal wees.
- 14 Wen die kind se vertrouwe; skep 'n gevoel van veiligheid en geborgenheid; tree gevoelig en vriendelik teenoor die kind op; groet die kind vriendelik; gee aandag aan die kind se spesifieke behoeftes.
- 15 Aanvanklik met deernis, liefde en begrip, maar later moet daar strenger opgetree word om moontlike manipulasie te vermy; hou die kind soveel moontlik besig; praat die waarheid byvoorbeeld mamma kom nie nou nie, sy kom 13:00.
- 16 Taktvol, met baie liefde en aandag; toon begrip en lei sy aandag af; lê klem op dinge waarvan hy hou of waarin hy belangstel; wees konsekwent en tog streng.
- 17 Wanneer sy inkom neem ek haar by haar ma. Dan sit sy by my totdat haar maatjie inkom. Wanneer dit by sekere aktiwiteite kom wil sy dikwels nie die opdrag uitvoer nie. Ek moedig haar aan om dit te doen, maar wanneer sy steeds weier om te werk, los ek haar. Sy doen later dikwels die werkie as sy sien ho die maatjies dit geniet. Soms ontwikkel sy "maagpyn" en dan wil sy huistoe gaan. Dan troos ek maar, en probeer haar aandag aflei.
- 18 vertroostend maar beslis; laat kleuter geborge voel; 'n vaste roetine (dagprogram).
- 19 Wen die kind se vertrouwe; skep 'n veilige omgewing; gee die kind selfvertroue en probeer oorsaak van angs identifiseer en uit die weg ruim; lei die kind stapsgewys

- om nuwe dinge te ondersoek en te ervaar; beveel ook professionele hulp aan as daar geen vordering gemaak is nie.
- 20 Stel die kind gerus; maak seker dat roetine gevolge word en die klas min of meer dieselfde bly; die kind sal agterkom dat daar geen gevaar vir hom by die skool is nie.
- 21 Wees ferm, dog vriendelik; probeer ouers kry om vinnig afskeid te neem, verseker kind ouers is lief vir hom – wil die beste hê vir hul kind, kry kind rustig – laat so ‘n kind saam stap na ande klasse / kantore / toilette; maak seker hy sien hoe lyk omgewing, gesels normaal met kind as een van die groep; nie uitsonder en te veel aandag gee nie (begin dan gewoonlik huil met te veel aandag).
- 22 Met baie geduld; verseker kind dat jy kan sien dat hy bang voel en dat dit ‘ok’ is;; gee die kind geleenthede om sukses te ervaar; skep sekere verwagtinge.
- 23 Verpligte skoolbywoning; individuele speltherapie: verlig onderliggende angs, bou selfbeeld, beter sosiale interaksie, aanvaarding van persoon, werk aan onafhanklikheid en selfstandigheid.
- 24 Simpatiek maar ferm.
- 25 Met speltherapie. Aanvanklik ongekontroleerd ten einde te bepaal waarvoor hy bang is of wat veroorsaak die vrees. Fokus dan daaropvolgende speltegnieke om eergsnoemde aan te spreek deur situasies te skep en uit te speel en gepaardgaande emosies te hanteer.
- 26 Projeksies om voorgrondgehoefte vas te stel ; erkenning / empatie ; bemagtiging deur keuses , vaardighede, restrukturering, rollespel, ensovoorts ; betrekking van ouers en skoolsisteem ; gee verantwoordelikheid.

4.2 Hoe hanteer u die ouer van die kind wat skoolangs ervaar?

- 1 Hou ouers op hoogte van kind se vordering; bemoedig ouers.
- 2 Oop kommunikasie is belangrik; hou hulle op hoogte van kind se optrede.
- 3 Praat met ouer en sê hoe hy moet optree: ouer moet uitreik na kind op spontane wyse; ouer moet bewus wees van kind se fisiese en emosionele behoeftes; ouer moet toepaslik vervul in kind se behoeftes; die ouer is sensitief vir kind se behoeftes; die kind en die ouer is bly om mekaar te sien na skeiding.
- 4 Vra die ouer om so gou as moontlik soggens te groet. As die afskeid van die mamma moeiliker is, laat die pappa die kind aflaai en inbring. OP dae wat so ‘n kind dalk nie wil skool toe kom nie, moet ouers konsekwent wees sodat sulke kinders nie dalk begin manipuleer nie en vir alles wil tuisbly nie. Ouers moet kinders verseker

van hulle liefde, kan sê hoe laat hulle hul kom haal. Op horlosie in klas wys. Wees dan betyds sodat jou kind jou kan vertrou.

5

-

6

-

7

Voer gesprek; gee leiding.

8

-

9

Luister, maar verduidelik ook die nagevolge van skoolangs en wat die ouer se rol is om dit beter te kan maak.

10

Verduidelik aan ouers hoe die kind voel; kry hulle samewerking om kind gerus te stel en te verseker van hul liefde; vra samewerking om liefdevol tog ferm afskeid te neem; versker hulle dat hy met tyd sal aanpas en dat die situasie tydelik is.

11

Wys haar daarop dat sy haar angstigtheid oordra op haar kind; moedig aan om vinnig te groet soggens; beklemtoon belangrikheid van kind om selfstandig te wees, ook tuis.

12

Ouer moet kind meer verantwoordelikheid by die huis gee; ouer self moet 'n positiewe houding hê teenoor die onderwyser en die skool; ouer kan klinieke bywoon oor hoe om die kind se gedrag te hanteer.

13

Praat later die dag telefonies met ouer en vra dat die afskeid nie uitgerek moet word nie; kind moet altyd weet wie hom kom haal by die skool en ook watter tyd; ouer moet emosioneel bereid wees om die kind te laat gaan!

14

Maak kennis met ouers; verduidelik die programme en aktiwiteite wat by die skool aangebied wordaan hulle; stel hulle gerus; bewerkstellig kontak tussen die huis en die skool.

15

Noem aan die ouer die noodsaaklikheid van "losmaak" van kind; beveel aan dat meer verantwoordelikhede tuis gegee moet word om selfvertroue op te bou; vir ouer te waarsku teen manipulering van kind.

16

Wees reguit en streng met die ouer wat die kind oorbekerm; ouer moet besef dat die kind selfstandig dinge moet doen, byvoorbeeld tas dra, aantrek, takies tuis doen.

17

Ek moedig die ouer aan om haar klas toe te bring en so gou moontlik te vertrek al huil die kind. Die kind vertel ook dikwels stories oor skool, byvoorbeeld dat ander maatjies haar seermaak. Sy dink dan dat sy by die huis mag bly. Ek moedig die ouer aan om eers met my te kom gesels om uit te vind of stories waar is of nie.

18

Simpatiek, dog ferm oor die afskeidnemery.

19

Die probleem van skoolangs word soms van ouer na kind oorgedra; die ouer moet verstaan dat sy emosies dikwels op die kind oorgedra word; Probleme moet

- geïdentifiseer word en openlik met die ouer bespreek word; ouers moet konstant optree teenoor hul kind; professionele hulp moet aanbeveel word indien die probleem te lank voortsleep.
- 20 Stel die ouer gerus; neem die kind af by die ouers.
 - 21 Vra ouers om vinnig afskeid te neem; ouers moet “uithou”; baie keer kan dit twee tot drie weke voortduur (afhangend van wat oorsaak is); ouers moet ferm optree en die kind laat besef – “genoeg is genoeg”.
 - 22 Betrek die ouers deurlopend.
 - 23 Ouerbegeleiding: gesinsdinamiek, laat kind toe om volgende ouderdomsvlak onafhanklik te wees, stel van grense, samewerking teenoor boikot van terapie
 - 24 Net so – gee ook inligting.
 - 25 Belangrik dat ouers gerus gestel word dat dit meer as blote stoutigheid is; leiding om situasie tuis te hanteer; voorbereiding vir skeidng; beloning vir positiewe gedrag; leer hanteringsmeganismes / vaardighede aan.
 - 26 Ouerleiding; normalisering; ondersoek ouerskapstyle veral met betrekking tot oorbeskerming.

4.3 Kan die kind wat skoolangs ervaar volgens u baatvind by *verpligte skoolbywoning*?

- 1 Ja, beslis.
- 2 Ja, absoluut!
- 3 Ja, deur liefde en motivering.
- 4 Ja, dit leer konsekwentheid, verantwoordelikeheidsin en roetine vir die kind aan.
- 5 -
- 6 -
- 7 Ja.
- 8 -
- 9 Ja, die oomblik wat hy besef dat dit nie kan verander (soos om by die huis te bly) nie sal hy besef dat hy moet saamwerk.
- 10 Ja, deur vir die kind ‘n keuse te gee om skool toe te gaan of nie, word sy onafhanklikheid en selfstandigheid uitgestel en hy leer om sy ouers te manipuleer.
- 11 Ja.
- 12 Ja, verseker. Hy raak dan meer gewoond aan die skoolopset en verkry meer selfvertroue.

- 13 Hang van die kind af: 'n kleintjie wat aanhou huil - sou ek aanbeveel om eers meer "volwasse" te word en aandag moet gegee word aan veral selfstandige funksionering.
- 14 Ja, leer sosiale vaardighede aan; leer om sy vrese te oorkom.
- 15 Ja beslis, as kind eers tuis bly is dit baie moeilik om weer skoolbywoning te begin.
- 16 Ja.
- 17 Ja, indien die situasie korrek hanteer word. 'n Sielkundige kan saam met die onderwyser werk om die beste resultate te verkry.
- 18 Beslis.
- 19 Dit hang af van die ouerdom van kind asook die intensiteit van die probleem; 'n professionele opinie moet ingewin word.
- 20 Ja, die kind leer om die probleem te oorkom; later kom hulle agter dat daar niks is om te vrees nie.
- 21 Ja, want hy moet weet dat daar nie 'n keuse is om tuis te bly nie; daar is nie uitsonderings nie; alle kinders is bang, maar pas aan.
- 22 Ja.
- 23 Dit behoort in meeste gevalle die eerste stap te wees, al is dit net 'n gedeelte van die dag.
- 24 Ja.
- 25 Ja, maar moet op mooi manier geskied; kind moenie verwerp voel nie maar ook nie situasie manipuleer of uitbuit nie.
- 26 Ja – mits die nodige insette gelewer word.

4.4 Sou u sê u beskik oor voldoende *opleiding* of *vaardighede* ten opsigte van die hantering van die kind met skoolangs?

- 1 Ja, liefde en verstaan van klein kindertjies is baie belangrik.
- 2 Nee.
- 3 Ja, maar elke kind moet op sy eie manier behandel word.
- 4 Ja.
- 5 -
- 6 -
- 7 Ja.
- 8 -
- 9 Nie heeltemal nie.
- 10 Geen formele opleiding - slegs ondervinding; opleiding vir dié bepaalde situasie sal baie welkom wees.

- 11 Ja.
- 12 Ja, verdere inligting kan tot voordeel wees.
- 13 Vaardigheid – wel – ondervinding help.
- 14 Nee, mens kan altyd iets nuuts leer; nuwe metodes en benaderings.
- 15 Ja, met jare bou mens ervaring en tegnieke op wat by jou en jou skool pas.
- 16 Deur ervaring en betrokkenheid by kinders leer mens om verskillende situasies te hanteer.
- 17 -
- 18 Nee, het nie voldoende sielkundige opleiding nie.
- 19 Afgesien van my onderwys opleiding het ek 'n jaar kursus by RAU gedoen in berading en identifisering van probleem gevalle; laasgenoemde is van groot hulp maar ek sal steeds kind verwys indien nodig.
- 20 Ja.
- 21 Ja en nee. Elke geval is anders. Geen beproefde hantering nie. Elke kind is uniek en moet eers leer ken word.
- 22 As 'n ondersteunende rol ja; met betrekking tot emosionele ondersteuning; die bou aan aselfbeeld, vaardighede - 'n definitiewe rol.
- 23 Ja, uit ervaring en goeie kursus / werkwinkel opleiding.
- 24 Ja.
- 25 Ja, alhoewel mens nooit ophou leer met kinders nie; wat vaardighede betref bereik mens nooit versadigingspunt nie.
- 26 Ja.

**4.5 Raak u soms *angstig* wanneer u die kind wat skoolangs ervaar moet *hanteer*?
Motiveer u antwoord.**

- 1 Nee! Angs kweek ang! Ek laat nie toe dat dit my ontstel nie!
- 2 Nee, om soms te ignoreer en die ma toe te laat om die situasie te hanteer help baie.
- 3 Ja, want jy het nie altyd die tyd om al jou aandag aan die kind te gee nie; daar is nog 21 leerders in die klas.
- 4 Nee, ek bly rustig, praat rustig, maar neem die kind by ouers; wees ferm, maar liefdevol.
- 5 -
- 6 -
- 7 Nee.
- 8 -

- 9 Net as die ouers by is; wanneer leerder alleen by onderwyser is, aanvaar hy die onderwyser se gesag.
- 10 Nee, dit sal die kind se angs vermeerder; kalm optrede sal situasie verbeter.
- 11 Nee, ervaring help om die situasie met meer insig te hanteer; nuttige wenke altyd welkom!
- 12 Nee, want wanneer onderwyser angstigheid toon maak dit die kind ook meer angstig.
- 13 Nee, ek neem beheer, tel die kind op, sê dat hy mag kwaad wees maar mag nie skop, klap, knyp ensovoorts nie; verseker die kind dat ek telefonies met die ouer kan kontak maak; sê voor die kind aan die ouer dat hy na storietyd gehaal kan word; dat hy nie hoef te speel / werk nie, maar eers by my kan bly; verseker die kind dat sy ouers dit vir sy beswil doen.
- 14 Ja, want mens weet nie altyd hoe die kind gaan reageer nie.
- 15 Ja, soms voel ek gefrustreerd omrede kind emosioneel is en dit ontstel die ander in die klas; dit neem soms 'n rukkie om so 'n kind geborge te kry.
- 16 Ja, veral as dit die res van die klas ontstel, as die kind byvoorbeeld huil; wanneer ouers nie hul samewerking gee nie; nie werklik angstig nie, maar magteloos?
- 17 -
- 18 Ja, dit het 'n invloed op die res van die groep.
- 19 Nee, geensins; jare van ondervinding en die inwin van kennis help om die probleem te hanteer; so 'n kind kan egter die klassituasie ontwrig en baie aandag van die onderwyseres verg.
- 20 Nee, wanneer jy rustig bly kom die kind vinniger oor sy angs
- 21 Soms, veral as 'n kind se vertrouwe gewen word, maar elke oggend is daar probleme.
- 22 Nee, nie met die enkele kinders wat ek reeds in terapie gesien het nie.
- 23 Ja, die oorsake daarvan is legio; 'n goeie agtergrondgeskiedenis is nodig om die onderliggende faktore te bepaal; elke kind se geval, simptome en behandeling is individueel in hierdie geval.
- 24 Ja, hulle angs is gewoonlik intens en onverklaarbaar.
- 25 Ja, om met mense maar veral kinders te werk is 'n geweldige verantwoordelikheid; wat ookal jy doen het 'n permanente impak op hul lewens.
- 26 Nee, ek bly by die kind se proses – bring keuses of verantwoordelikheid of grense ensovoorts. Leer veral die kind om te waag.

4.6 Watter hanteringsmeganismes gebruik u vir uself wanneer u met 'n kind wat skoolangs ervaar werk?

- 1 Ek tree ferm, maar liefdevol op; ek motiveer die kind om sterk te staan!
- 2 Praat moed in; probeer motiveer waarom dit noodsaaklik is om skool toe te kom, probeer om hom veilig te laat voel "mamma gaan jou weer kom haal".
- 3 Beste is om kalm te bly; om voorbereid te wees, wees streng, maar konsekwent.
- 4 Bly rustig, praat rustig, prys, ferm, liefdevol, gee takies en laat kind belangrik voel.
- 5 -
- 6 -
- 7 Gesprek; motivering.
- 8 -
- 9 Bly kalm en wees geduldig; wees simpatiekvol maar ferm.
- 10 Wees liefdevol; wees ferm; probeer situasie verstaan vanuit kind se oogpunt.
- 11 Rustig wees; ferm, maar liefdevol optree; baie aanmoediging; prys.
- 12 Praat rustig met die kleuter; verduidelik baie mooi en volledig wat van hom verwag word; bly kalm.
- 13 Kyk 4.5
- 14 Wees entoesiasies en vriendelik; gesels met die kind; vra hul uit oor hul belangstellings; wees kalm en rustig.
- 15 Liefdevolle tog streng aanslag; begrip - vind eers kind se agtergrond uit en miskien dui dit op waarom hy skoolangs ervaar.
- 16 Stel eerstens vas wat die oorsaak is - hetsy tuis of in die skool; wees dan taktvol; gee positiewe aandag en liefde.
- 17 -
- 18 Ek probeer altyd die betrokke kind as my eie sien en hanteer tot 'n mate is kleuterskoolonderwyseres 'n plaasvervanger vir ouers.
- 19 Die kind moet sagkens tog streng gehanteer word; hy moet veilig voel by die betrokke onderwyseres; aandag kan afgelei word deur uit te vind waarvan kind hou, byvoorbeeld aktiwiteite en speletjies; wanneer die kind sekere mylpale bereik het kan hy op gepaste wyse beloon word.
- 20 Bly rustig en kalm.
- 21 Wees vriendelik, geduldig, verdraagsaam; gesels elke oggend – groet ouer – neem kind aan hand; probeer kind dadelik aan 'n aktiwiteit of groep deelneem; vra ouers om betyds te wees; pouse – kan by juffrou sit en kyk wat doen die ander.
- 22 -

- 23 Jy moet wyd kan kyk en geïntegreerd kan dink; wees buigsaam en kreatief in die behandeling.
- 24 Kalm bly.
- 25 Ek hou van die persoonsgesentreerde benadering en deur elke mens te aanvaar soos hy is; kongruent op te tree; empaties na situasie te kyk; voel ek ek respekteer sy menswaardigheid; natuurlik sonder my geloof sal ek nooit die werk kan doen nie!
- 26 Professionaliteit.

4.7 Tot watter mate kan die kind wat skoolangs ervaar volgens u baatvind by speltherapie?

- 1 Ek glo dat die vrees aanspreek sal word en dat dit so sal beter word en heeltemal sal opklaar.
- 2 Hulle kan baatvind in die opsig dat hulle sal weet hoe om hierdie angs te kanaliseer.
- 3 Speltherapie is 'n uitstekende ding, mens vind dieper dinge uit ook 'n kind wat niemand ooit sou kon dink nie; speltherapie laat 'n kind net goed voel, dat daar iemand is wat bereid is om hom te help en wat liefde gee en omgee.
- 4 Speltherapie kan die terapeut duidelikheid gee oor die oorsake vir die skoolangs; kind help om te ontspan.
- 5 -
- 6 -
- 7 Hy kan sien daar is nie bereigings nie; hy kan voel hy dien 'n doel; hy kan voel hy is deel van groepwerk en groepe.
- 8 -
- 9 Wanneer hyself begin besef hoekom hy eintlik bang is, kan hy homself later in ander situasies ook help; speltherapie help die kind om sy vrees te hanteer.
- 10 Kan op "speel" manier leer om sy vrese te verwerk en te verwoord; leer selfstandigheid; verkry selfvertroue.
- 11 Baie: help om te ontspan, waaghouding verbeter, kweek selfstandigheid.
- 12 Hy kry meer selfvertroue; is oor die algemeen 'n gesonder en gelukkiger kleuter; skolastiese ontwikkeling verbeter.
- 13 Hang af van die graad van angs; uiterste gevalle kan baie daarby baatvind; by baie kinders is dit 'n kwessie van onbekendheid en sodra hulle bekend is met die omgewing en roetine pas hulle maklik aan en lewer uitstekende samewerking.
- 14 Leer hoe om uiting te gee aan sy emosies; leer hoe om sy gevoelens te verwoord; sosiale vaardighede.

- 15 Ek sou sê dat heel eerste oerleiding aanbeveel word; my opinie is dat 95% van skoolangstige kinders wel tuis oorbeskerm word; in uitermatig ernstige gevalle waar skoolangs langer as 3 maande ervaar word sal ek dalk na 'n opvoedkundig sielkundige verwys.
- 16 Dit kan dalk help, maar die kind met werklike emosionele probleme sou heel waarsyklik daar ook sukkel om in te skakel as dit skoolangs is moet die probleem by die skool reggestel word.
- 17 -
- 18 Baie, die probleem kan korrek gediagnoseer word.
- 19 Die jonger kind gee meestal uiting aan gevoelens deur spel; agressie wys dikwels in hantering van spel apparaat; dialoog word dikwels gevoer wanneer die kind speel; so gee hy ook uiting aan sy gevoelens.
- 20 Spel terapie help die kinders om hul vrees of angstigheid te oorkom; dit kom tot die oorsaak daarvan en help 'n kind om deur sy spesifieke situasie te werk.
- 21 Kind en terapeut kan die situasie speel; die ware oorsaak kan so gevra word; spel terapie kan ook daarop wys dat "skoolgaan" lekker is en dat die ma of pa graag wil hê dat hul kind skoolgaan moet geniet soos ander kinders.
- 22 Dit kan 'n kind help om sy eie vrese meer konkreet te sien en te ervaar, en dan dit toepaslik te hanteer.
- 23 Beslis, hierdie is 'n emosionele toestand en behoort uit daardie oogpunt behandel te word.
- 24 Insig in denkpattone; verband met gevoelens en aksies.
- 25 Speel is 'n kind se manier van kommunikeer sonder om bedreig te voel; deur spel terapie gee kind uiting aan wat in sy hartjie is en dit is dus betroubare inligting om mee te werk.
- 26 Absoluut. Spel terapie bring die kind in kontak met homself; bemagtig die kind, ensovoorts.



GESTALTSPELTERAPEUTIESE RIGLYNE

Die navorser het die inligting wat deur middel van die empiriese ondersoek ingesamel is geïntegreer met die literatuurstudie wat ten opsigte van die Graad R kind gedoen is om Gestaltspelterapeutiese riglyne daar te stel vir die hantering van die kind wat skoolangs ervaar. Die riglyne kan moontlik aangewend word deur opvoeders, terapeute en ouers wat met die kind wat skoolangs ervaar omgaan. Die navorser poog om Gestaltspelterapie só te integreer in die riglyne dat persone wat nie opleiding in dié leerskool het nie ook die riglyne sal kan aanwend of selfs net kan aanpas binne hulle betrokke werkswyse.

Daar gaan eerstens riglyne gestel word vir die hantering van die **kind** wat skoolangs ervaar en daarna gaan riglyne vir die hantering van hierdie kind se **ouer/s** gegee word. Laastens gaan die navorser riglyne daarstel wat die **hulpverlener**, dit wil sê die opvoeder of terapeut, in gedagte kan hou wanneer hulle met hierdie kinders werk.

1. DIE HANTERING VAN DIE KIND WAT SKOOLANGS ERVAAR

Die kind wat skoolangs ervaar kan dikwels veeleisend wees en hulle kan baie aandag verg van die opvoeder of terapeut. Vervolgens stel die navorser enkele riglyne wat in gedagte gehou kan word wanneer daar met hierdie kind gewerk word.

- 1.1 Bewustheid
- 1.2 Verantwoordelikheid
- 1.3 Hier-en-nou
- 1.4 Voorgrond en agtergrond
- 1.5 Sluiting
- 1.6 Organismiese selfregulering
- 1.7 Samevloeiing

1.8 Dialoog

- Die kind moet bewus word daarvan dat hy enige tyd met die opvoeder kan gesels as iets hom pla.

1.9 Die kind se proses

1.10 Polariteite

1.11 Oordrag en teenoordrag

1.12 Assimilasie en introjeksie

3.9 Die paradoks

1.14 Herforumulering

1.15 Grense

1.16 Bemagtiging

2. DIE HANTERING VAN DIE KIND WAT SKOOLANGS ERVAAR SE OUER/S

Opvoeders en terapeute mag dalk soms twyfel aan hulle eie vermoë om die kind wat skoolangs ervaar te hanteer. Die ouer/s van hierdie kinders mag soms die hantering van hierdie kind kompliseer indien hulle nie ingelig word ten opsigte van hul kind se vrese nie. Inligting kan aan hulle gegee word tydens ouerleidingsessies wat die opvoeder of terapeut kan aanbied. Die volgende Gestaltspelterapeutiese riglyne kan in gedagte gehou word tydens 'n ouerleidingsessie met die ouers van die kind wat skoolangs ervaar:

3.10 Bewustheid

- Die ouers kan bewus gemaak word van die feit dat hulle eie vrese moontlik onbewustelik op die kind geprojekteer word en dat dit sy belewing van skoolangs kan vererger. Opmerkings soos “moenie bang wees nie” moet vermy word, aangesien dit vrees 'n opsie kan maak nog voordat die kind self daaraan gedink het.

- Die ouer kan die kind bewus maak daarvan dat hy/sy net die beste vir die kind wil hê en hom altyd sal beskerm.
- Die kind kan 'n gevoel van liefde ervaar wanneer die ouer hom in die arms van die opvoeder oorgee. Die fisieke kontak met die opvoeder kan hom moontlik bewus maak van 'n volwassene wat daar is vir hom tydens skoolure.
- Die ouers moet bewus wees daarvan dat hulle nie onbewustelik vrese oordra op die kind wanneer hulle nie positief ingestel is teenoor die opvoeder nie. Die kind moet 'n bewustheid ervaar dat die ouers die opvoeder vertrou en respekteer.
- Die ouer moet bewus wees daarvan dat faktore tuis die kind moontlik kan ontstel. 'n Oupa of ouma wat by hulle kuier kan veroorsaak dat hy eerder tuis wil bly om bederf te word. 'n Nuwe baba wat baie aandag kry kan die kind verwerp laat voel en gedurige rusie tussen ouers of selfs egskeiding kan hom ontstel. 'n Rustige atmosfeer tuis kan van groot waarde wees en die ouer moet waak daarteen om nie die kind soggens voor skool te ontstel deur byvoorbeeld met hom te raas nie.

3.11 Verantwoordelikheid

- Die ouers moet bewus gemaak word van die feit dat hulle as primêre versorgers van die kind 'n verantwoordelikheid dra ten opsigte van sy welstand. Hulle moet hul kind se vrese respekteer deur dit in ernstige lig te beskou en nie af te maak as minderwaardig nie. Hulle moet tot elke prys probeer vasstel hoekom die kind angstig is en nie wil skool toe gaan nie.
- Die ouers moet besef dat oorbeskerming 'n boodskap na die kind kan uitstuur dat hy nie sterk genoeg is om die angs alleen te hanteer nie.
- 'n Oorangstige ouer kan by haar kind die indruk wek dat die wêreld 'n onveilige plek is en sodoende die skoolangs vererger.

2.3 Hier-en-nou

- Ouers kan erkenning gee vir die kind se vrees deur dit in die hier-en-nou aan hom te klarifiseer. Die ouer kan byvoorbeeld noem dat hy bewus is van emosies wat die kind op daardie oomblik ervaar en dat dit menslik is. Die ouer moet werk met dit wat op daardie oomblik van skeiding op die kind se voorgrond is en nie met wat in die verlede gebeur het nie. Die ouer kan byvoorbeeld nie sê "Verlede jaar het jy nie gehuil in die oggend by die ander skool" nie.

3.12 Sluiting

- Die ouer moet altyd die kind groet voor hy/sy iewers heen gaan. Die ouer kan nie net verdwyn wanneer die kind by die skool afgelaai word nie.
- Die afskeidsproses moenie uitgereg word nie. Die ouer kan ferm aan die kind sê “Mamma gaan nou werk” en hom groet met ‘n druk of ‘n soen. Hoe langer die proses uitgereg word, hoe meer traumaties kan dit vir die kind wees.
- Die ouer moet vir die kind sê wie hom gaan kom haal by die skool, waar hy gehaal gaan word, asook hoe laat hy gaan huis toe gaan. Daar kan byvoorbeeld op ‘n horlosie in die klas vir die kind aangedui word hoe laat hy huis toe gaan of die ouer kan aan hom verduidelik dat hy byvoorbeeld na storietyd gehaal gaan word. Dis belangrik dat die ouer dan wel die kind sal kom afhaal op die gegewe tyd sodat sy vertrouwe in die ouer nie geskaad word nie.
- Die kind se angs kan vererger word deur ‘n ouer wat die kind met verlating dreig, byvoorbeeld “Ek gaan wegloop as jy huil om skool toe te gaan”.

2.5 Organismiese selfregulering

- Die ouer kan probleemoplossende gedrag by die kind aanmoedig deur hom in elke angssituasie aan ‘n plan te laat dink om die struikelblok te oorkom.

2.6 Samevloeiing

- Ouers kan die kind se vrese erken en begrip toon daarvoor wanneer dit op sy voorgrond verskyn deur in samevloeiing met die kind te gaan. Deur byvoorbeeld te noem “Mamma weet jy is bang om skool toe te gaan” kan die kind ‘n mate van begrip van die ouer se kant af ervaar.

3.13 Dialoog

- Die ouer kan met die kind praat oor sy vrees. Dis egter belangrik om nie die kind te dwing om te vertel waarom hy nie wil skool toe gaan nie. Die ouer kan eerder deur spel met die kind, byvoorbeeld skool-skool, of informele gesprekke probeer agterkom wat die oorsake van sy angsbelewing is. Die ouer kan selfs dat die kind sy vrese teken, daarvoor gesels en ‘n positiewe oplossing daarvoor probeer kry.
- Die ouers moet ‘n oop kommunikasielyn met die opvoeder bewerkstellig om saam die probleem op te los. Die ouers moet die vrymoedigheid hê om met die opvoeder te gesels en hulle moet nie belangrike inligting, byvoorbeeld ‘n nuwe baba, ‘n egskeiding of dood in die familie, van die opvoeder weerhou nie. Die

ouers moet egter nie voor die kind met die opvoeder gesels nie, aangesien die kind moontlik sy eie afleidings kan maak wat angs kan wek.

2.8 Die kind se proses

- Die kind se selfvertroue en eiewaarde kan verhoog indien die ouer erkenning gee vir elke poging om die vrees te oorkom.
- Die kind se selfbeeld kan kan versterk word deur na hom te luister wanneer hy met die ouer praat en deur hom gereeld te prys by die huis.
- Die ouer kan die kind geleidelik gewoond maak aan die omgewing.
- Die ouer moet vasstel of die dagprogram nie té uitputtend en oorweldigend vir die kind is nie. 'n Program wat té gestruktureerd is en nie by die kind se proses aanklank vind nie kan veeleisend vir die kind raak. Die kind moet veral in die middag, indien hy by 'n naskoolsentrum bly, geleentheid kry om te speel of rustige aktiwiteite, byvoorbeeld legkaarte, te doen.
- 'n Kind wat meer sensitief is kan homself dit aantrek as die opvoeder streng of kwaai is met ander leerders in die klas. Die kind kan dan die opvoeder vrees en sodoende weier om skool toe te gaan.

2.9 Herformulering

- Indien die kind tuis wil bly as gevolg van 'n vrees dat hy of die ouer/s iets sal oorkom kan die kind se vrees geherformuleer word. Die ouer kan byvoorbeeld aan die kind verduidelik dat min mense doodgaan terwyl hulle nog jonk is en dat die kind se ouma byvoorbeeld doodgegaan het omdat sy al baie oud was.
- Die ouer kan die kind se vrees vir skool vir hom herformuleer deur byvoorbeeld 'n genotvolle speletjie rakende skoolbywoning met hom te speel. Hy en die ouer kan skool-skool speel met behulp van 'n "swartbord", "kinders in die klas" en "storietyd".
- Die ouer kan 'n storie aan die kind voorlees waarin sy vrese positief aangespreek word.

2.10 Grense

- Die ouer moet grense vir hom/haarself daarstel wanneer die kind gegroet word. Die ouer kan byvoorbeeld die kind net meer ontstel indien hy/sy uitermate ontsteld of hartseer lyk wanneer hy/sy loop. Die ouer moet veral nie ook begin huil nie!

- Wanneer die kind gedurig kla oor pyne, byvoorbeeld hoofpyn of maagpyn, wanneer hy moet skool toe gaan, kan die ouer hom na 'n pediater neem om seker te maak dat hy nie regtig siek is nie. As hy egter nie siek is nie, is sy simptome waarskynlik somaties en is daar 'n ander rede vir sy belewing van skoolangs.
- Die kind het 'n vaste roetine nodig om hom veilig te laat voel. Wanneer die ouer die kind vir 'n dag of twee tuis hou kan dit moontlik meer skade as goed doen. Die ouer moet dus konsekwent wees met die kind se skoolbywoning om moontlike manipulasie van die kind se kant af te vermy.
- Die kind het ook tuis struktuur nodig om hom veilig te laat voel. 'n Vaste roetine soos badtyd, etenstyd, storietyd en slaaptyd kan 'n stewige selfbeeld bou sy waaghouding sal verhoog.

2.11 Bemagtiging

- Indien die kind weier om skool toe te gaan as gevolg van 'n boelie by die skool kan die kind bemagtig word deur hom te leer hoe om 'n boelie te hanteer. Die ouer kan byvoorbeeld aan die kind verduidelik dat hy net moet omdraai en loop of dadelik 'n opvoeder moet gaan roep wanneer 'n boelie hom wil seermaak.
- Die kind kan sy gunsteling speelding, bykomstigheid, byvoorbeeld 'n armband of hangertjie, –of komborsie saamneem skool toe om die verlange te verlig. Ouers kan ook 'n foto van die gesin vir die kind saamgee en op 'n spesiale plek in sy tas of sak bêre sodat hy deur die loop van die dag daarna kan kyk.
- Die kind kan moontlik onseker voel omdat hy sekere take nie kan verrig nie of hy is dalk bang vir uitdagings wat hy nie kan hanteer by die skool nie. Hy skram dus weg van eise wat aan hom gestel word. Die ouer kan die kind bemagtig deur aan hom te noem dat die opvoeder nooit iets van hom sal verwag wat hy nie kan doen nie.

3.14 Verhouding

- Die ouer moet 'n vertrouensverhouding met die kind vestig. Die kind moet ingelig word wanneer die ouer byvoorbeeld vir 'n ruk moet weggaan en die versekering kry dat die ouer sal terugkom en wanneer dit sal wees. Die ouer moet dan sy woord hou en nie die kind in die steek laat deur byvoorbeeld 'n uur of twee later eers daar aan te kom nie.

- 'n Ouer wat nie beskikbaar is vir die kind nie, byvoorbeeld 'n ouer wat aan depressie ly, 'n alkoholis is of weens werksomstandighede selde tuis is, kan die kind se angsbeleving versterk.
- Die ouers moet 'n voorspelbare omgewing vir die kind tuis skep waar hy veilig kan voel. Wanneer ouers meer tyd saam met die kind deurbring, sal die kind meer veiligheid ervaar tuis en meer geredelik begin waag in situasies buite die huisomgewing.

3. RIGLYNE VIR DIE OPVOEDER OF TERAPEUT

Die navorser het uit eie ervaring beleef dat die kind wat skoolangs ervaar soms baie veeleisend kan wees en dat hy die res van die klas se leerders kan ontwrig indien daar nie opgetree word nie. Vervolgens 'n paar riglyne wat in gedagte gehou kan word wanneer daar met hierdie kind in die klassituasie of tydens 'n terapieessie gewerk word. Die opvoeder en terapeut word hiernaas volgens die term *hulpverleners* aangespreek.

3.1 Verantwoordelikheid

- Die hulpverlener het 'n verantwoordelikheid teenoor die ouers en die kind. Dis daarom belangrik om te alle tye beskikbaar te wees as die kind of die ouer haar nodig het.

3.2 Samevloeiing

- Daar kan in samevloeiing met die kind gegaan word deur uit te vind waarvan die kind hou en hom dan daarin geïnteresseerd te probeer kry. Die kind moet egter nie gedwing word om deel te neem aan 'n bepaalde aktiwiteit nie. Hy sal wel later sien dat dit lekker lyk en moontlik dan inskakel.

3.3 Dialoog

- Die hulpverlener moet na die kleuter luister. Die opvoeder kan hom fyn dophou in die klassituasie om te sien of die oorsaak van sy beleving van angs nie moontlik deur faktore by die skool veroorsaak word nie en of dit moontlik deur faktore tuis veroorsaak word.

- Die hulpverlener moet 'n goeie klankbord wees sodat die ouers en die kind die vrymoedigheid het om met haar te gesels. Sy moet egter alle ingesamelde inligting as vertroulik hanteer om nie die ouers of die kind se vertrouwe in haar te skend nie.

3.4 Die kind se proses

- Die hulpverlener moet baie geduldig met hierdie kind wees. Daar moet ook gepoog word om hom veilig en ontspanne te laat voel in die klas –of terapeutiese situasie.
- Die hulpverlener moet genoeg geleenthede aan die kind gee vir spel. Deur middel van spel kan hy homself uitdruk en sowel die kind as die terapeut kan dalk helderheid kry oor sy emosies. Die navorser is van mening dat verskeie Gestaltspelterapeutiese tegnieke, byvoorbeeld die leë-stoel-, droom-, roosboom- en monstertegnieke (Vergelyk Hoofstuk 4) aangewend kan word met die kind wat skoolangs ervaar.
- Die hulpverlener moet geensins die kind laat skuldig voel omdat hy huilerig is nie.
- Die opvoeder kan in oorlegging met die kind se proses vir hom 'n gepaste maat in die klas soek, byvoorbeeld iemand wat ook saggeard en teruggetrokke is.
- Die hulpverlener moet doelbewus geleentheid skep vir die kind om sukses te ervaar. Die kind moet beseft dat dit in orde is om soms foute te maak en dat hy iets sal regkry indien hy aanhou probeer.
- Die kind moet voel hy het 'n mate van beheer oor sy omgewing, maar hy moet ook weet daar is grense wanneer hy optree. Hy moet beseft dat hy nie ander mense se ruimte kan indring deur te skreeu, skop en slaan nie. Daar moet dus 'n balans wees tussen sy vryheid om self dinge te doen en te maak aan die eenkant, en dissipline en konformering met die eise van die samelewing aan die anderkant.

3.5 Grense

- Die hulpverlener moet duidelike grense neerlê vir die kind. Wanneer die kind alles kry waarvoor hy vra en enigiets toegelaat word, sal hy nie leer om te wag en te werk vir sukses nie. Die kind wat maklik tou opgooi wanneer 'n taak tyd en moeite verg moet aangemoedig word en deursettingsvermoë moet gekweek word.

3.6 Spel

- *Ontspannende spel*

Ontspannende spel kan die kind wat skoolangs ervaar help om te kalmeer en rustiger te word. Die hulpverlener kan verskillende ontspanningstegnieke aanwend, byvoorbeeld musiek, spierontspanning, sistematiese gevoeligmaking, legkaarte, speletjies, uitstappies en diere (Vergelyk Hoofstuk 4).

- *Assesseringsspel*

Die hulpverlener kan tydens assesseringsspel vasstel wat die kind se ontwikkelingsvlak is en moontlike oorsake van sy gedrag identifiseer. Verskillende tegnieke wat aangewend kan word is bordspeletjies, sakspeletjies, dambord, lyntekeninge, prentvoltooing en ekokaarte (Vergelyk Hoofstuk 4).

- *Bibliospel*

Bibliospel kan aangewend word om die kind se emosies na vore te bring en dan deur dit te werk tydens 'n sessie. Die hulpverlener moet egter die kind se situasie, sy ontwikkelingsvlak en sy proses in aanmerking neem voordat 'n geskikte storie gekies word. Alhoewel bibliospel verskeie voordele kan inhou, moet die hulpverlener ook die nadele daarvan in gedagte hou (Vergelyk Hoofstuk 4). Tegnieke wat tydens bibliospel aangewend kan word sluit onder meer kinderverhale, gemeenskaplike storievertelling, dagboeke, tydskrifte, prente, strokiesprente, tekenprentkarakters, onvoltooide sinne, briewe en 'n emosionele barometer, in.

- *Gedramatiseerde spel*

Deur middel van gedramatiseerde spel kan die kind die geleentheid kry om 'n bepaalde situasie uit te speel in 'n veilige, nie-bedreigende omgewing. Die hulpverlener kan haar eie kreatiwiteit aanvul deur rollespel, die praat, voel en doen speletjie, poppe, handpoppe of papierpoppe, 'n telefoon of maskers te gebruik tydens die sessie (Vergelyk Hoofstuk 4).

- *Skeppende spel*

Die kind kan deur middel van skeppende spel sy emosies kommunikeer aan die hulpverlener. Mediums wat tydens skeppende spel gebruik kan word sluit kindertekeninge, klei en sand in (Vergelyk Hoofstuk 4).